

1 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-12

Fokusgedeelte: Genesis 1:1

Nuut, alles nuut!

Vandag is die eerste dag van 'n nuwe jaar. Vandag het 'n gister. Die eerste dag van Genesis 1 het nie 'n gister gehad nie, want God het in die begin alles geskep wat bestaan. God het 'n totaal nuwe skepping begin wat voorheen nog nie daar was nie. Hy het alles uit niks geskep (NGB Art 12): die aarde en die maan, plante en diere, groot dinge – die sterre en al die hemelliggame met oneindige ruimtes, en ook elke molekule water en suurstof. Ja, en dan het Hy ook die mens geskape om oor sy skepping te heers. Ons is nie maar net hier op die aarde nie. God het ons (elkeen!) hier geplaas met 'n spesifieke roeping wat Hy wil hê ons moet uitvoer. Ons moet Hom eer en dien en aan Hom gehoorsaam wees.

Adam en Eva het egter diep in sonde geval – en saam met hulle elke mens, ook ons wat in God glo. Tog laat God nie die saak daarby nie. In sy groot genade maak Hy met sy uitverkore kind 'n nuwe begin. Deur sy Heilige Gees wederbaar Hy jou tot 'n nuwe mens. Hierdie wedergeboorte is in “sy krag nie minder of geringer ... as die skepping of as die opwekking van die dooies nie” (Dordtse Leerreëls 3/4:12). In 2 Korintiërs 5:17 verseker die Here ons: “Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.” Ons lelike gister, wat besmet is met ons sonde, bestaan nie meer voor God nie. Hy dink nie eers meer daaraan nie (Heb. 10:17) – alles op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus.

Op hierdie eerste dag van die nuwe jaar is jy as nuwe mens op pad om 'n inwoner te wees van die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 2, 4

Dr. AH Grové (Emeritus)